Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2015

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

RAAD ONTVANG MINISTER VAN FINANSIES

Dr Ivan Meyer (Wes-Kaapse minister van finansies), rdh Nicolette Botha-Guthrie (Uitvoerende Burgemeester), rdh Anton Coetsee (Speaker) en rdl Dudly Coetzee (Burgemeesterskomitee lid van Finansies)

Met die uitgangspunt dat hy "die begroting na die mense wil bring", het die Wes-Kaapse minister van finansies, dr Ivan Meyer, heelwat tyd daaraan bestee om Overstrand se toewysing vanaf die provinsiale regering vir die 2015/16-boekjaar in detail te bespreek toe hy op Woensdag 28 Oktober 2015 besoek aan die Raad gebring het.

Daarna het hy die Raad ingelig oor wat om van die aansuiweringsbegroting te verwag sowel as hoe om 'n 2016/17-begroting voor te berei wat in ooreenstemming met die provinsiale mediumtermyn-inkomste- en -uitgaweraamwerk sal wees, met dié waarskuwing dat die moeilike begrotingsomgewing wat vir die volgende drie jaar in die vooruitsig gestel word, fiskale konsolidasie gaan noodsaak.

Op haar beurt het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie in haar voorlegging van die hersiene 2016/17-GOP tydens dieselfde Raadsvergadering gewaarsku dat die begrotingsbeheerkomitee streng opdrag het om 'n begroting vir dieselfde tydsraamwerk op te stel wat nie inflasie oorskry nie, 'n syfer wat tans op rondom 5% staan. Dit, het sy gewaarsku, beteken dat "ons meer met minder sal moet doen, ons potlode sal moet skerp maak en produktiwiteit weereens in oënskou sal moet neem".

Hierdie siening is deur minister Meyer beaam wie se advies aan die Raad was om op "game changers" te fokus, met ander woorde nismarkgeleenthede wat groei sal opskerp, werk sal skep en die oordrag van vaardighede moontlik sal maak. In hierdie verband hou visboerdery, perlemoenproduksie, die mariene sentrum in Kleinbaai en die hawe-ontwikkeling in Kleinmond heelwat belofte in. Insgelyks behoort agriverwerking, bestemmingsbemarking en die ontsluiting van die moontlikhede wat breëbandtegnologie inhou ten volle ontgin te word.

Aan die positiewe kant het Meyer ook van die geleentheid gebruik gemaak om erkenning aan Overstrand te verleen vir sy gesonde finansiële bestuur en die Raad gelukgewens met die skoon ouditverslag wat hy vir die tweede opeenvolgende jaar ontvang het. Hy is ook heel in sy noppies met die manier waarop die munisipaliteit groei, en het daarop gewys dat dit die vinnigste groeiende munisipaliteit in die Overbergdistrik is en die derde plek in die provinsie vir die tydperk 2005-2013 beklee.

Burgemeester se Seënwense

Die Feesseisoen is om die draai, en een van die mooi dae gaan pret en plesier hoogty vier.

Maar namate die jaar ten einde spoed en ons voorbereidings vir 'n welverdiende blaaskans tref, onthou tog om nie die gees van harmonie en vrede uit die oog te verloor nie. Kom ons gebruik hierdie geleentheid om ter wille van welwillendheid die sentrale boodskap van vergifnis en liefde met almal rondom ons te deel, ongeag of hulle blote kennisse of naasbestaandes is. En dan, veral in 'n tyd waarin ons gebombardeer word met hoogsgekommersialiseerde boodskappe wat spesifiek daarop afgestem is om ons selfs meer en meer aan te vuur om ons geliefdes letterlik met geskenke, goeie wense en die allerheerlikste eetgoed te oorlaai, mag ons nooit vergeet dat daar baie is wat nie so bevoorreg soos ons is nie. Ek doen 'n beroep op almal van julle om ook jul welwillendheid teenoor behoeftiges te toon. Dink so daaraan: Daardie enkele welwillendheidsdaad is dalk al wat 'n bietjie feestelike kleur aan 'n andersins droewige situasie gaan verleen. Selfs van groter belang is dat ons ons verantwoordelik sal gedra in hierdie feesseisoen. Ek wens almal wat 'n reis na 'n afgeleë vakansiebestemming gaan onderneem, 'n veilige rit toe met die gerusstellende wete dat julle die padreëls sal gehoorsaam en veilig sal terugkeer. Aan ons besoekers, mag julle 'n aangename en onvergeetlike kuiertjie in Overstrand geniet. Kom ons bly saam daaraan werk om van Overstrand 'n misdaadvrye plek te maak waar niemand in vrees hoef te leef of onregverdig behandel word nie – 'n plek wat waarlik spreek van 'n samelewing wat omgee, met respek teenoor ander optree en mekaar verdra. Ter afsluiting hoop ek dat 2016 'n jaar sal wees wat voorspoed vir almal inhou - 'n jaar waarin die belonings die uitdagings verreweg gaan oortref.

Nicolette Botha-Guthrie, UITVOERENDE BURGEMEESTER

NUWE JUNIOR RAAD INGEHULDIG

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie; onderburgemeester rdl Rudolph Smith en me. Unity Mtomile van die Enlighten Education Trust Me Mtomile gaan in die komende jaar namens die Raad die junior raadslede onder haar vlerk neem.

Op Donderdag 22 Oktober 2015 is Overstrand se onlangs verkose Junior Raad vir 2015/2016 ingehuldig tydens 'n aangename geleentheid wat in die Hermanus-ouditorium gehou is. Nadat Speaker Anton Coetsee almal verwelkom het, het voormalige junior raadslid Hope Botes, 'n leerling aan Northcliff House, die gehoor bekoor met haar pragtige vertolking van Halleluja, en dít terwyl sy haarself op die ghitaar begelei. Daarna het uittredende junior burgemeester, Johan van der Merwe, die verhoog betree om Munisipaliteit Overstrand te bedank vir die geleenthede wat aan hom en sy span junior raadslede gegun is. Namens die uittredende span het hy onderneem om "die vaardighede wat tydens ons ampstermyn by ons ingeboesem is, met ander kinders by ons onderskeie skole te deel" en het onomwonde verklaar dat die uittredende junior raad trots daarop is om "geassosieer te word met 'n munisipaliteit wat waarlik 'n sentrum van uitnemendheid is". Voordat sy daartoe oorgegaan het om die inkomende junior raad te verwelkom, het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie tyd daaraan bestee om die lede van die uitgaande junior raad te bedank en om aan elkeen 'n sertifikaat van erkenning te oorhandig. Ter bekragtiging van haar passie vir jeugontwikkeling het Botha-Guthrie bygevoeg dat sy daarvan oortuig is dat die program wat die junior raadslede deurloop het die uitgaande lede handig te pas sal kom aangesien hulle die geleentheid gegun is om hul leierskappotensiaal te ontgin en nou 'n beter begrip het van hoe om openbare aangeleenthede te behartig. "As toekomstige visionêre leiers glo ek dat julle nou toegerus is om te sorg dat die beste belang van die samelewing deurentyd voorrang sal geniet," het sy bygevoeg. Daarna het die Burgemeester elkeen van die inkomende lede om die beurt bekendgestel en tegelyk 'n spesiaalontwerpte serp waarop die munisipale kenteken verskyn aan hulle oorhandig. Ook in haar boodskap aan die nuwe ampsdraers het die Burgemeester geen doekies omgedraai nie: "Ons verwag in die besonder van julle as die junior raad om ons te help om kwessies verwant aan die jeug te verstaan. Hierdie kwessies kan wissel van dwelmmisbruik onder tieners en tienerswangerskappe tot die gebrek aan dissipline en jeugdiges se oënskynlike geneigdheid tot bandelose gedrag, veral aangesien hierdie tendense 'n negatiewe impak op ons jeug se vooruitsigte kan hê, het sy gesê. Daarna was dit die nuutverkose junior burgemeester, Kaci van Romburgh, 'n leerling aan Curro in Hermanus, se beurt om die gehoor toe te spreek en haar visie vir die jaar vorentoe met hulle te deel. "Dit is 'n groot voorreg om as junior burgemeester vir 2015/2016 aangewys te word en ek besef maar al te goed dat hierdie titel ook met 'n paar uitdagings gepaard gaan. As uitvoerende junior raadslede onderneem my span om alles in ons vermoë te doen om te sorg dat ons Overstrand se waardes gestand doen en is dit ons voorneme om ons portuurgroep en skole op só 'n wyse te verteenwoordig dat hulle met reg trots op ons kan wees," het Kaci gesê.

Met junior onderburgemeesters Phumeza Doda en Timo-Ben Lerm wat haar onderskraag, lewer die pas ingehuldigde nuwe junior burgemeester, Kaci van Romburgh, haar eerste pleidooi namens die jeug van Overstrand.

WEES GERUS: Overstrand se drinkwater voldoen aan die hoogste standaarde en sy riooluitvloeisels word na behore binne perke bestuur

Uit 'n onlangse opname deur geakkrediteerde laboratoria blyk dit dat Overstrand se waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is. Om die waarheid te sê, ons voldoen 100% aan kode 0241 van die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) vir drinkwater.

Die resultate van Overstrand se nege wateraanlegte vir die tydperk April 2015 tot September 2015 gemeet aan verskeie bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters word in die tabel hieronder aangetoon.

Beskrywing van toets	Eenheid	Standaard soos per SANS 0241	Gemiddelde toetsresultate van drinkwatermonsters vir:								
			Buffelsrivier Rooi Els, Pringle-baai, Bettysbaai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baardskeerdersbos	Buffelsjagsbaai
pH	pH eenhied	< 5 to 9,7>	8.6	8.6	7.3	7.5	7.9	7.2	7.6	8.9	7.3
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	<170	43.9	37.8	46.2	75.5	113	89.3	50.3	52.7	169.7
Troebelheid	NTU	<1	0.3	0.4	0.8	0.2	0.3	0.2	0.5	0.6	0.5
Kleur	mg/as Pt-Co	<15	5.2	6	7	4	4.5	3.5	8	4.5	4.5
Totaal opgeloste vaste stowwe	mg/1	<1200	-	-	309.5	490.2	737.7	540.8	331	284.9	1115.3
Yster	ug/1 as Fe	<300	31	37.3	68.8	24	26.8	25.8	41	87.3	24
Mangaan	ug/1 as Mn	<100	-	-	20.2	19	-	-	19.5	23	19
Aluminium	ug/1 as Al	<300	124.3	282.5	231.8	12	253.7	12	36.3	13.7	12
E coli	(telling/100ml)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Insgelyks het Overstrand se vyf watersuiweringsaanlegte 94% behaal gemeet aan die standaarde wat deur die departement van water en sanitasie vir uitvloeisel gestel word. Ook in hierdie verband word monsters op 'n maandelikse basis geneem en deur geakkrediteerde laboratoria geanaliseer. Die resultate van hierdie toetse kan in die tabel hieronder bestudeer word.

Beskrywing van toets	Eenheid	DWA Algemene Magtiging Standaarde	Gemiddelde toetsresultate van finale uitvloeiselmonsters vir:				
			Gansbaai	Hawston	Hermanus	Kleinmond	Stanford
pH	(pH)	5.5-9.5	6.2	7.7	7.2	7.6	7.3
Besinkbare stof	(ml/1)	-	0.1	0.1	0.1	0.1	0.1
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	149.2	146.3	189.4	105.8	134.3
Fekale koliforme bakterie	(telling/100ml)	1000	0	30.2	226.5	70.5	856.8
Chemiese suurstofvraag	(mg/1)	75 Max	54.5	92.6	53.5	52	46.7
Ammoniakstikstof	(mg/1 as N)	6 Max	0.5	10	1.7	4.2	1.1
Nitraatstikstof	(mg/1 as N)	15 Max	8.6	1.6	4.2	9.1	12.8
Nitraatstikstof	(mg/1 as N)		0.2	0.2	0.2	0.3	0.2
Totaal swewende vaste stowwe	(mg/1)	25 Max	10	18.1	19.3	11.7	11
Orto-fosfaat	(mg/1 as P)	10 Ma	3.1	6.4	3.5	3.7	4.3

In alle gevalle, sou dit uit toetsresultate blyk dat drinkwater en/of uitvloeisel nie aan die gestelde standaarde voldoen nie, sal daar onmiddellik tot regstellings oorgegaan word en sal die nodige toetse onmiddellik herhaal word totdat daar met sekerheid gesê kan word dat die gewenste resultate behaal is. Besigtig ons webtuiste vir die betekenis van die syfers in rooi aangedui.

OVK KONDIG REGISTRASIE BY VASGESTELDE PUNTE AAN VIR DIEGENE WAT DEUR HERSIENE AFBAKENING GERAAK IS

Met die oog op 2016 se munisipale verkiesings sal stemgeregtigde kiesers wat in areas woon waarvan die kiesafdeling se grense verskuif het 'n spesiale geteikende geleentheid gegun word om vanaf Donderdag 3 Desember tot Saterdag 5 Desember in hul nuutafgebakende wyke te registreer.

Bestudeer asseblief die tabel hieronder sorgvuldig. Sou jy in enige van hierdie areas/wyke woon, moenie hierdie geleentheid misloop om te verseker dat jy betyds registreer sodat jy ook jou stem in die komende plaaslike verkiesing kan laat geld nie:

GEAFFEKTEERDE AREA	Gansbaai	Kleinmond - Mthimkhulu	Hermanus: Zwelihle Gemeenskapsaal, Zwelihle Primêr, Lukhanyo		
Plek waar jy kan gaan registreer	Munisipaliteit Gansbaai	Mthimkhulu-dorpie	Lukhanyo Primêr	Zwelihle-gemeenskapsaal	Zwelihle Primêr
WYK	1	9	6	6	12

Rig alle navrae in hierdie verband aan Mosili Koloko by die plaaslike OVK-kantoor, tel. 028 312 1464/65.

FICA VOORTAAN 'N VEREISTE OM VOERTUIE TE REGISTREER/ LISENSIEER

Vanaf 1 November 2015 sal almal wat 'n voertuig wil registreer of lisensieer eers aan die bepalings van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (Wet 38 van 2001) moet voldoen.

Dit kom daarop neer dat Overstrand se verkeersafdeling nie in staat sal wees om enige transaksie verwant aan die registrasie of lisensiëring van voertuie af te handel nie, tensy FICA op die eNaVIS-stelsel geverifieer is.

Derhalwe sal daar van almal wat 'n voertuig wil registreer of lisensieer, verwag word om die sogenaamde NCP-vorm na behore in te vul en dit tesame met die verlangde bewys van identiteit en bewys van woonadres in te dien.

Die NCP-vorm (wat die korttitel is vir 'n vorm wat verband hou met kennisgewing van verandering van adres of besonderhede van 'n persoon of instelling) bestaan uit twee dele en vereis van alle geaffekteerde partye om (a) bewys van identiteit en (b) bewys van woonadres voor te lê.

BEWYS VAN IDENTITEIT:

- In die geval van Suid-Afrikaanse burgers sal 'n Suid-Afrikaanse ID-dokument of geldige Suid-Afrikaanse paspoort aanvaarbaar wees.
- In die geval van buitelandse burgers word 'n gewaarmerkte bewys van 'n verkeersregisternommer, soos uitgereik deur die tersaaklike registrasie-owerheid, verlang.
- In die geval van 'n sake-onderneming word gewaarmerkte afskrifte van die CK (bewys van registrasie) of die sertifikaat waarop die onderneming se registrasienommer (BRNC) vertoon word, tesame met die gevolmagtigde of verteenwoordiger se ID-dokument, geldige Suid-Afrikaanse paspoort of, in die geval van buitelandse burgers, die verkeersregisternommer, verlang.

BEWYS VAN WOONADRES:

- In die geval van 'n individu sal 'n utiliteitsrekening [jou munisipale rekening] tesame met enige rekeningstaat (nie ouer as 3 maande nie) vanaf 'n handelaar soos 'n klerewinkel of jou selfoondiensverskaffer aanvaarbaar wees.
- Neem kennis dat indien daardie munisipale rekening [die utiliteitsrekening] nie in jou naam uitgereik is nie, byvoorbeeld in gevalle waar jy 'n eiendom huur, moet die eienaar van die eiendom 'n beëdigde verklaring voorlê om te bevestig dat jy wel daar woon. Insgelyks, in gevalle waar jy in 'n informele of landelike vestiging woon, gaan jy 'n beëdigde verklaring van jou wyksraadslid of munisipaliteit ter bevestiging van jou woonadres nodig hê.

Sou jy enige hulp in hierdie verband benodig of duidelikheid verlang, kontak gerus vir Dieter Reichert by 028 313 5033 of Patrick Africa by 028 313 8166.

SLUITING VAN MUNISIPALE KANTORE OOR FEESSEISOEN

Munisipale kantore, met inbegrip van biblioteke maar uitgesonder noodsaaklike dienste, sal om 13:00 op Donderdag 24 Desember en Donderdag 31 Desember sluit, om weer onderskeidelik op Maandag 28 Desember 2015 en Maandag 4 Januarie 2016 om 07:45 heropen.

SAKKE-VOL-LIEFDE VIER SY TIENDE VERJAARDAG

Met sy oorsprong te danke aan die kantoor van die Burgemeester is die gedagte agter die Sakke-vol-Liefde-veldtog om 'n bietjie Kersvreugde te bring aan daardie gesinne in ons gemeenskappe wat in nood verkeer en net in verlede jaar kon ons sowat 1 700 sakke onder geïdentifiseerde huishoudings in Hermanus, Zwelihle, Mt. Pleasant, Hawston, Stanford en Gansbaai versprei.

Met die bekendstelling van vanjaar se program het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie weereens 'n beroep gedoen op die sakesektor, kerke, NRO's, munisipale personeel en individue om hierdie verdienstelike saak ruim te ondersteun. Vir so min as R121 kan jy 'n sak met noodsaaklike kruideniersware laat vul en as jy daardie bedrag tot R150 verhoog, sal daardie items met 'n paar snoepgoed vir Kerstyd aangevul word.

Met 'n oproep om verlede jaar se syfers te oorskry, stel die Burgemeester donateurs voor die uitdaging om ten minste soveel sakke as hul eweknieë te skenk of, beter nog, daardie getal te oortref. "Kom ons sê ek skenk vyf sakke. Ek gaan dan my mederaadslede daag om ten minste soveel te skenk of om my donasie te oortref. Op hierdie manier kan ons aan selfs meer gesinne se behoeftes voldoen en 'n tikkie Kersvreugde deel met diegene wat dit die nodigste het."

Nadere besonderhede oor die veldtog kan bekom word deur die sameroepers Des Collins en Terry McCarthy onderskeidelik op 082 824 1058 of 083 255 8614 te kontak.

WEES VOORBEREID, WEES WAAKSAAM, WEES VERANTWOORDELIK

Dit is die boodskap wat Overstrand se brandweerhoof wil tuisbring veral aangesien nog 'n verwoestende brandseisoen na alle waarskynlikheid op ons wag

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens kan die hele Wes-Kaap in die loop van die somer droë, winderige toestande en hoë temperature te wagte wees. Hierdie toestande en onbeheersde veldbrande is sinoniem.

Aangesien Overstrand sonder twyfel binne die grense van 'n brandafhanklike ekostelsel val, is dit belangrik dat almal - hetsy inwoners of besoekers - weet watter gevare brande inhou, sorg dat hulle die nodige voorsorgmaatreëls tref en altyd verantwoordelik sal optree.

As jy die eienaar van 'n huis is, ongeag of jy self daardie woning bewoon of oor die vakansieseisoen uitverhuur, werk asseblief deur die lysie hieronder om te verseker dat alle moontlike voorsorgmaatreëls getref is om jou eiendom teen wegholbrande te help beskerm:

1. Sorg dat alle blare en ander brandbare materiaal van die dak en uit geute verwyder word.
2. Sorg dat daar geen oorhangende takke naby jou huis is nie - in die besonder behoort geen boom se tak binne 6 - 10 m van enige skoorsteen te kom nie.
3. Sorg dat daar geen dooiehout of digte, vlambare plantmateriaal in jou tuin is nie - ideaalgesproke behoort jou huis vir minstens 10 m deur 'n groen grasperk of 'n ander tipe brandbestande grondbedekking omring te word.
4. Hou 'n tuinslang (minstens 30 m lank) deurentyd gekoppel aan 'n buitekraan - hierdie tuinslang moet verkieslik rondom 'n raam opgerol word sodat dit maklik verskuif kan word.
5. Maak seker dat jou brandblussers in 'n werkende toestand en toeganklik is en dat almal weet presies waar om hulle te vind.
6. Sorg dat julle as gesin 'n ontruimingsplan in plek het en moenie nalaat om daardie ontruimingsplan in te oefen nie. Sodoende sal almal weet wat die plan behels en wat van hulle verwag word - ook diegene wie se taak dit is om na die gesin se troeteldiere om te sien.

Selfs al sou die voorafgaande help om jou eiendom en jou geliefdes teen onbeheersde brande te beskerm, moet almal van ons nogtans 'n paar basiese reëls gehoorsaam:

- Moenie vuur maak as die wind sterk stoot nie
- Moenie 'n oop vuur onbewaak laat nie
- Moenie kinders toelaat om vuur te maak nie en hou hulle weg van vuurhoutjies
- Moenie 'n smeulende vuur agterlaat nie - blus alle kole!

Voorts wys Overstrand se brandweerhoof, Lester Smith, daarop dat huiseienaars dikwels groot skade ly bloot omdat die brandweer nie hul huis kon opspoor of nie toegang tot die eiendom kon verkry nie.

Verseker asseblief in die eerste plek dat jou huisnommer duidelik vanuit die aangrensende straat sigbaar is. In gevalle van digte rook kan om na die huis te soek waar die brand inderwaarheid gerapporteer is, waardevolle tyd verspil. Voorts, ten einde jou eie ontsnaproete te beskerm en om te verseker dat brandweerwaens toegang tot jou eiendom kan verkry, maak seker dat jou oprit plant-vry is en dat daar 'n vryhoogte van minstens 4 - 6 m is.

In hierdie pragtige maar kwesbare deel van die wêreld moet almal deurentyd brandbewus wees. Deur saam te werk en deur onverwyld 'n brand of rook te rapporteer, kan jy lewens red en 'n verwoestende verlies aan eiendom verhoed.

Rapporteer alle brand- of reddingsverwante noodgevalle aan 028 312 2400, of skakel Overstrand se 24/7-beheerkamer by 028 313 8111.

Overstrand se beproefde operasionele plan is weereens in plek om te verseker dat beide inwoners en vakansiegangers hierdie feesseisoen veilige, skoon en goed instandgehoue openbare geriewe tot hul beskikking sal hê.

Tydelike- en seisoen werkers is aangestel om te help om die strande, ablusiefasiliteite, piekniekplekke, karavaanparke, sleephellings en parkeerareas silwerskoon te hou, terwyl kontrakteurs aangewys is om, onder meer, kiosks te bedryf en strandstoele uit te huur.

Grotto se Blouvlag-status sal op 1 Desember 2015 in werking tree en van krag bly tot 31 Maart 2016. In die geval van Hawston en Kleinmond word dié status op 15 Desember 2015 van krag en geld tot 15 Januarie 2016.

Let asseblief daarop dat geen troeteldiere op strande toegelaat sal word solank die Blou Vlag wapper nie en dat die verbruik en/of besit van alkoholiese drankies ten strengste verbied word in alle openbare plekke, met inbegrip van strande.

Lewensredding- en sekuriteitsdienste sal vir die duur van die vakansieseisoen op die bogenoemde strande sowel as by die twee munisipale swembaddens, naamlik die een in Hawston (neffens die kampeerterrein) en die munisipale swembad in Zwelihle, operasioneel wees.

Vir die duur van die vakansieseisoen sal wetstoepassing- en verkeersbeamptes uiteraard hul sigbaarheid en waaksaamheid verhoog. Voorts is Overstrand se 24-uur-beheerkamer - bereikbaar by 028 313 8000/8111 - na behore gerat om enige noodsituasie, dag of nag, die hoof te bied.

IETS VIR ALMAL OP OVERSTRAND SE VAKANSIESPYSKAART

- Wees 'n ware ambassadeur: Gun besoekende vriende en familie 'n proetjie van elke lekkerny

cape whale coast

Hangklip-Kleinmond | Hermanus | Stanford | Gansbaai

Te oordeel aan Cape Whale Coast, Overstrand se bestemmingbemarkings-organisasie, gaan besoekers – selfs daardie besoekende kleinkinders van elders in die wêreld – dit moeilik vind om van verveling te kla wanneer hulle vanjaar vir 'n somervakansie langs ons kus uitspan.

Diegene wie se adrenalienvlakke hulle daarvan weerhou om vir 'n oomblik stil te sit, kan teen die hoogste duin in Suid-Afrika afgly, met 'n kajak of 'zipline' die Palmiet oorsteek, in grotte gaan duik of die sogenaamde "witdoodhaai" van aangesig tot aangesig ontmoet …

En as jou besoekers 'n voorliefde vir alles met 'n pels of vere het, gaan wys hulle hoe Jongeheer Pikkewyn se eerste passing van sy "aandpakkie" verloop, of kyk of hulle uit papierpap 'n speelding kan bou wat selfs die wildste onder die wille katte onweerstaanbaar sal vind.

Klaarblyklik swig jonk en oud maar ook al te maklik voor 'n uitdaging. So waarom bied jy nie 'n dosie sjokolade – handvervaardig deur ons eie plaaslike chocolatier – aan as eersteprys vir die eerste afgemerkte "Klein Vyf"-lysie nie? En die eerste ou om die see se "Groot Vyf" op sy "wenslys" af te merk, wen 'n uitstappie na ... die Klipgat-grotte, natuurlik!

En vir diegene wat rus en vrede bo alles verkies, word 'n luilekker piekniek in 'n natuurreservaat of botaniese tuin of op 'n rustige riviervaart hoogs aanbeveel. Veral as daardie piekniekmandjie tot oorlopens toe gevul is met die verruklike kase, wyne, bier en ander snoepgoed waarvoor hierdie area so bekend is.

Met dié dat daar so baie te sien en te doen is, wonder mens of jy ooit by die strand gaan uitkom om 'n bietjie in die son te lê, 'n sandkasteel te bou of die branders aan te durf?

Sou jy as 'n ware Overstrand-ambassadeur wil uitvind watter "lekkernye" deesdae die gunstelinge op Overstrand se spyskaart is, tree gerus in verbinding met enige van ons toerismeburo's: Gansbaai 028 384 1439; Stanford 028 341 0340; Hermanus 028 312 2629; Hangklip/Kleinmond 028 271 5657

O·A·K

overstrand arts • kunste

'N KLAVIER-SKETS

Kom verlustig jou in 'n geliefde pianis se uitvoering van nie een nie maar twee konserte van Schubert se sonates

Gustavo Romero

Gustavo Romero, 'n professor in klavier aan die Universiteit van Noord-Texas, keer vanjaar terug om Overstrand se musiekliefhebbers nogmaals te bekoor met twee uitvoerings wat uitsluitlik uit Schubert se sonates gaan bestaan. Hierdie konserte is vir Sondag 20 Desember 2015 en Sondag 3 Januarie 2016 geskeduleer en sal stiptelik om 15:30 'n aanvang neem in die Hermanus-ouditorium.

Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Om te bespreek, skakel BELLINI by 028 312 4988. Alle ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.

sê "nee dankie" vir enkelgebruik-plastieksakke

In Suid-Afrika word daar jaarliks ongeveer 8 miljard enkelgebruik-inkopiesakke teen 'n koste van vyftig sent per sak verkoop. As mens in ag neem dat Hermanus se inwoners alleen na raming 'n kwartmiljoen van hierdie sakke per maand aankoop, ontstaan die vraag noodwendig: Gegewe dat "om die omgewing te beskerm" en "om biodiversiteit te bewaar" so hoog aangeskryf word wanneer die meeste Overstranders gevra word oor wat hulle van hul plaaslike regering verwag, waarom die onwilligheid om aan hierdie eenvoudige oproep op bewaring gehoor te gee?

Hou volgende keer bloot hierdie feite in gedagte: Enkelgebruik-plastieksakke het 'n leeftyd van ongeveer 20 minute. Daarna word hulle bloot weggegooi en sal in alle waarskynlikheid op 'n ashoop of in 'n stormwatersloot of, erger nog, in die see beland.

Sou laasgenoemde gebeur, hou hierdie sakke geweldige gevolge vir die seelewe in aangesien voëls, visse en ander seediere daarin verstrik word of daaraan verstik. Min mense weet dat die deeltjies wat deur plastieksakke in die see vrygestel word as 'n spons vir toksiene in die oseaan dien. Die hartseersaak is dat seevoëls, walvisse, plankton en visse daardie deeltjies as kos aansien, met noodlottige gevolge.

Aangesien Overstrand as bewaarder van hierdie kwesbare ekostelsel aangestel is, moet julle ons dus nie verkwalik omdat ons, in 'n poging om te beskerm en te bewaar, oorlog teen enkelgebruik-plastieksakke verklaar het nie.

Jou bydrae in hierdie verband is heel eenvoudig: Wanneer jy gevra word of jy 'n plastieksak nodig het om jou inkopies te vervoer, sê "Nee dankie". Koop eerder 'n herbruikbare inkopiesak.

Herbruikbare inkopiesakke word van stewige materiaal vervaardig, hou 'n ewigheid, spaar geld en help om ons oseane rommel-vry te hou.

BESKERM. OOK JY KAN.

- Sê "nee" vir plastieksakke, ondersteun herbruik, en gebruik jou gesonde verstand.

Our Values

OVERSTRAND

Munisipaliteit
U-Masipala
Municipality

We belong | We care | We serve

- **O**pportunities for all
- **V**alue the input of our communities
- **E**conomic growth for the benefit of all
- **R**ecreational activities in a safe environment
- **S**ustain service excellence and productivity
- **T**eamwork in achieving success
- **R**ecognising the needs of our diverse society
- **A**cknowledge the need to conserve our bio-diversity
- **N**o to corruption and maladministration
- **D**evelopment within a sustainable environment